

ST. TIMOTEUS EN ST. TITUS

26 JANUARIE

(1ste eeu)



Hulle tel onder die vroegste toesighouers oftewel biskoppe van die Kerk. Hulle was medewerkers en reisgenote van St. Paulus. Dit wil voorkom dat Timoteus 'n fyngevoelige mens was wat onder 'n swak gesondheid gely het. Hy kon later nie meer met die swerwerslewe voortgaan nie en hy word die leidsman van die gemeente in Efese. Dié taak het hy baie goed vervul. Titus was meer van 'n diplomaat en kon met almal oor die weg kom. Hy word herhaaldelik uitgestuur om geskille en moeilikhede in die jong kerke op te los.